NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 19 – Uitgawe 29 30 Julie 2026

# *Drive for a Child* – Elke hou kan ’n lewe verander

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Kindermishandeling en -verwaarlosing is nie iets wat net *elders* gebeur nie. Dit vind elke dag in ons gemeenskappe plaas. Dit is ’n stille epidemie wat duisende kinders van hul reg op veiligheid en liefde, en van hul sorgvrye kinderjare ontneem. Alhoewel die omvang van die probleem soms oorweldigend voel, is dit nie net die verantwoordelikheid van maatskaplike werkers of van die Staat om kinders te beskerm nie. Ons almal deel hierdie verantwoordelikheid.**

Ons, by Rata Maatskaplike Dienste, beleef hierdie werklikheid daagliks. Agter elke saak van mishandeling is daar ’n kind met ’n naam, ’n storie en ’n toekoms wat beskerm moet word.

Een van hierdie kinders is Chris (skuilnaam). Hy was nog maar ’n jong seuntjie van sewe jaar toe bure in sy woonstelblok begin agterkom het dat iets ernstig verkeerd is. Hy het gereeld aan hul deure geklop en vir iets te ete gevra. Sy ma het hom dikwels alleen by die huis gelos wanneer sy saans as ’n prostituut gaan werk het, soos ons later sou vasstel. Sy het soms eers twee dae later, onder die invloed van dwelms, teruggekeer. Gedurende hierdie tyd was Chris heeltemal op homself aangewese, sonder kos, toesig en die beskerming wat elke kind behoort te ontvang. Vir Chris het dit gelyk asof die wêreld hom in die steek gelaat het. Tog het sy bure besluit om nie weg te kyk nie. Hulle het hulp ontbied en Rata Maatskaplike Dienste kon ingryp.

Vir ’n kind soos Chris beteken kinderbeskerming veel meer as net die opening van ’n saak. Dit beteken dat iemand uiteindelik sy of haar nood raakgesien het. Dit beteken veiligheid, emosionele ondersteuning en die geleentheid om weer ’n kind te wees. Dit beteken dat professionele maatskaplike werkers nie net die onmiddellike gevaar aanspreek nie, maar ook saam met gesinne werk waar dit moontlik is, alternatiewe sorg reël wanneer dit nodig is en voortdurend die kind se beste belang voorop stel.

Chris se verhaal is ongelukkig nie uniek nie. Dit is een van talle verhale wat ons maatskaplike werkers daagliks hanteer. Elke oproep, huisbesoek en ingryping vra tyd, kundigheid en hulpbronne. Daarom is die ondersteuning van die gemeenskap nie bloot waardevol nie – dit is onmisbaar.


Dit is juis met hierdie doel voor oë dat ons op **20 Augustus 2026** ons liefdadigheidsgholfdag, ***Drive for a Child***, by Silver Lakes in Pretoria aanbied. Hierdie dag gaan oor veel meer as net gholf. Dit gaan oor kinders soos Chris, vir wie daar ’n kans op ’n veiliger toekoms gebied word. Elke afslaan word simbolies van iets groter. Dit word ’n belegging in die veiligheid van ’n kind. Elke span, elke borg, en elke onderneming of individu wat ondersteuning bied, help om die belangrike werk van kinderbeskerming voort te sit. Die fondse wat ingesamel word, word aangewend om professionele kinderbeskermingsdienste te lewer, kinders in nood te beskerm en gesinne te ondersteun voordat die situasie verder versleg.

Deur jou deelname aan ***Drive for a Child,*** ondersteun jy nie bloot ’n liefdadigheidsgeleentheid nie, jy help om verhale soos Chris s’n ’n ander einde te gee. Elke deelnemer kry die geleentheid om deel van daardie verskil te wees. Kom ons slaan ’n kolhou vir hoop en vir veiligheid en vir elke kind wat verdien om in ’n wêreld groot te word waar hulle beskerm, gekoester en geliefd is.

**Charmaine Fourie**
**(Uitvoerende Direkteur: Rata Maatskaplike Dienste)**


Cari Ferreira


Dr Sanrie de Beer


Ds Gustav van Zyl


Ds Frikkie Viljoen


Ds Louizé de Beer


Ds Kobus Pienaar

## Lief en leed

- Ons wens graag vir **ds Erika en Michael Ferreira** (Rustenburg-Tuine) baie geluk met die geboorte van hul dogtertjie, Cari. Mag sy vir julle baie vreugde verskaf.

- Die Kerk betuig simpatie met **ds Willem Sauer** (Waterberg) en sy familie met die afsterwe van sy moeder. **Mev Judy Sauer** was 93 jaar oud en laat vyf kinders na. Sy was ten tye van haar afsterwe 'n inwoner van Ons Tuis Piet Potgieter.

- **Ds Thomas Dreyer** (Malelane) se ouma, **mev Loraine Baartman**, is in die ouderdom van 84 jaar oorlede. Mag die Here julle in die moeilike tyd die nodige vertroosting gee.

- **Mev Marietjie Habig Diamond** se gedenkdiens vind op 1 September om 11:00 by Gemeente Pretoria-Oos plaas.

- Die **Moderamen** het tydens hul onlangse vergadering **van die volgende lief en leed kennis geneem:**
  - **Dr SM (Sanrie) de Beer** (Philadelphia) ontvang op 30 Julie 2026 haar **doktorsgraad** in Nuwe Testament by die Noordwes-Universiteit.
  - **Oudl Fred Paynter** se ouer **broer** (lidmaat van Gemeente Pretoria) is **oorlede**.
  - **Oudl Johan van Loggerenberg** se vrou, **Ria**, het 'n **rugoperasie** ondergaan.

- **Die volgende predikante verjaar tot 7 Augustus. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Woensdag 29 Julie: Ds A (André) Thomas (Oos-Moot)
  - Donderdag 30 Julie: Di SJ (Sarel) Oosthuizen (Stilfontein-Wes), DW (Danie) van der Watt (emeritus)
  - Vrydag 31 Julie: Dr JH (Jan) Vorster (emeritus)
  - Dinsdag 4 Augustus: Di JJ (Jan) Claassen (Naboomspruit), en PS (Stephan) van Tonder (emeritus)
  - Woensdag 5 Augustus: Ds PW (Duwies) Duvenage (emeritus)
  - Donderdag 6 Augustus: Ds RG (Renier) Lee (emeritus)
  - Vrydag 7 Augustus: Di HJ (Kobus) Celliers (Brits), EJ (Rassie) Smit (emeritus), en JAP (Johans) van Tonder (siekte-emeritaat)

## Vergaderings

- Donderdag 30 Julie: Oudit- en Risikokomitee

## Gemeentes en bediening

- Die **Moderamen** het die volgende **besluite** tydens hul gewone vergadering op 24 Julie 2026 die geneem:
  - Gemeentes word aangemoedig om hul **gebruikte Bybels** na die Sinodale Dienssentrum te bring waarvandaan dit verder deur die BSA versprei kan word soos nodig.
  - Die Moderamen spreek waardering uit vir die samewerkingsooreenkoms wat op 13 Junie 2026 tussen **Gemeentes El-Flora en Horison Roodepoort** aangegaan is.
  - Die Moderamen neem kennis van die beroep wat **ds G van Zyl** na die NG Gemeente Phalaborwa ontvang het en dat hy op 1 Augustus 2026 diens by hulle aanvaar.

- **Ds PF (Frikkie) Viljoen** (emeritus) het 'n **beroep** na **Hartebeeshoek** (deeltyds) **ontvang**.

- **Ds L (Louizé) de Beer** (Ottosdal/Sannieshof) (deeltyds) het die **beroep** na Wonderboompoort (deeltyds) **aanvaar**.

- Die Kommissie van die AKV het besluit om **emeritaat** aan **ds AJ (Kobus) Pienaar** (Kruin) op 30 September te verleen.




- Ds. Fanie Naude is **op soek na** die volgende **boekies**:
    - ***Geloof is...*** deur ds Fanie Naude
    - ***Onse Vader...*** deur ds JS Naude en ds RM Naude

  Hy kan by **naude.fanie@gmail.com** of 083 391 3151 gekontak word indien u hom kan help.

## Werkgeleenthede

- **Redakteur: *Die Christelike Vrou***

  Die NHSV-Hoofbestuur beskik tans oor die werkruimte van die pos van redakteur van die NHSV se vrouetydskrif *Die Christelike Vrou*.

  *Die Christelike Vrou* dien as die amptelike mondstuk van die NHSV en is ’n integrale deel van die NHSV se beeld na buite. Voornemende kandidate, wat vertroud is met die NHSV se dienswerk in die Kerk, word uitgenooi om aansoek te doen. Hierdie NHSV-publikasie word maandeliks elektronies uitgestuur en word ook op die NHSV se webwerf geplaas. Die NHSV se kalenderjaar word gevolg om inligting en beeldmateriaal te versamel om die diensvelde van die NHSV te beklemtoon. Die kerkjaar en simboliek vind ook neerslag in artikels vir die Christelike vrou van vandag. Aktuele artikels vir vandag se vroue en resente tendense vind groot byval by ons leserspubliek en vorm deel van hierdie publikasie.

  ’n Joernalistieke agtergrond en betrokkenheid by ander kerklike publikasies en vrouetydskrifte sal tot voordeel wees van die voornemende kandidate. *Adobe Creative Cloud*-sagteware word tans vir die saamstel en uitleg van hierdie publikasie gebruik.

  **Navrae en aansoeke:** NHSV-kantoor, Rozelda Nel en Mari-lizé Beukes. Stuur ’n bondige CV met relevante opleiding en ondervinding aan **admin@nhsv.org.za** en **m.beukes@mweb.co.za**.

  **Sluitingsdatum: 03 Augustus 2026.** Onderhoude sal gedurende Augustus 2026 plaasvind. Die NHSV behou die reg voor om nie die pos te vul nie.

- **Werkruimte vir deeltydse bediening: Gemeente Eikenhof/Turffontein-kombinasie**

  Gemeentes Eikenhof en Turffontein in Johannesburg nooi aansoeke in vir die vul van ’n deeltydse predikantswerkruimte ingevolge ’n samewerkingsooreenkoms tussen die twee gemeentes.

  Aansoeke word ingewag van **gelegitimeerde en geëmeriteerde predikante** van die NHKA.

  Die aangestelde predikant sal verantwoordelik wees vir die bediening van beide gemeentes, met die klem op die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente, pastorale versorging en die toerusting van lidmate. Die erediens en suiwer Woordverkondiging staan sentraal in albei gemeentes. Die gemeentes is ook by hul onderskeie gemeenskappe betrokke.

  Gemeente Eikenhof, gestig in 1954, het tans 83 belydende lidmate en Gemeente Turffontein, gestig in 1929, het 68 belydende lidmate. Die kerkgeboue is geleë te Pietersensingel, Kiblerpark (Eikenhof) en Presidentstraat, Turffontein.

  Geen pastorie is beskikbaar nie. Die aangestelde predikant moet dus self vir verblyf voorsiening maak.

  Die aanstelling geskied aanvanklik vir ’n termyn van een jaar, met die moontlikheid van hernuwing indien beide partye dit wenslik ag.

  **Vergoeding:** ’n Totale pakket van R174 000 per jaar.

  **Navrae en aansoeke:** Aansoeke, vergesel van ’n volledige CV, moet aan ds Danie Malan gestuur word by **dmalan3@gmail.com**. Vir verdere navrae kan ds Danie Malan by 083 636 1586 of ds James Jooste by 073 228 5180 gekontak word.

**Sluitingsdatum: 6 Augustus.** Kortlyskandidate sal versoek word om ’n erediens in beide gemeentes te lei. Alle aansoeke word vertroulik hanteer. Die kerkraad behou hom die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

Die gekose kandidaat se **werksverpligtinge begin op 1 Oktober 2026**.

- **Ons Tuis (MSW)** beskik tans oor ’n vakante pos vir ’n **maatskaplike werker** by ons selfsorg- en residensiële fasiliteite te Pretoria. Die geskikte kandidaat moet passievol en toegewyd wees om ouer persone se lewenskwaliteit te verbeter en deel te vorm van ons multidissiplinêre span.

  Vir volledige inligting rakende kwalifikasies, ondervinding, vaardighede en sleutelverantwoordelikhede, besoek Ons Tuis se ***Facebook*** blad.

  Aansoeke met ’n volledige CV kan gestuur word na **adm@otmt.org** vir aandag: Mnr G Janse van Rensburg, Personeelbestuurder Ons Tuis (NPC). Die sluitingsdatum vir hierdie pos is **07 Augustus 2026**.

- **Bedieningsruimte: Gemeente Otjiwarongo-Outjo-kombinasie**
  Die Ring van Dorsland nooi **geordende predikante en proponente van die NHKA** om belangstelling te toon in ’n bedieningsruimte binne die Otjiwarongo-Outjo-kombinasie. Die bedieningsmodel van die gemeente berus op onderlinge verantwoordelikheid, samewerking tussen gemeentes en missionale kerkwees.

  **Die bedieningsopdrag:**
  - Ongeveer twee derdes van die werkstyd word gewy aan gemeentelike bediening in Otjiwarongo en Outjo, onder opsig van die betrokke kerkrade.
  - Die bediening omvat Woordverkondiging, bediening van die sakramente, kategese, pastorale versorging, huis- en siekebesoek, kerkraadswerk en gemeenskapsbetrokkenheid.
  - Eredienste word normaalweg op Sondae in beide gemeentes gehou, met geleenthede vir bediening in omliggende dorpe en landelike gebiede.
  - Ongeveer een derde van die werkstyd word, in opdrag en onder toesig van die Ringskommissie, aan ringsadministrasie, koördinering van en ondersteuning rakende kerklike en Namibiese wetlike nakoming bestee.

  **Die ideale kandidaat:**
  - ’n Predikant of proponent wat hom/haar geroepe voel tot die verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus en tot diens binne en buite die gemeente.
  - Iemand wat gemaklik saamwerk, verantwoordbaarheid aanvaar en met sensitiwiteit binne ’n diverse, uitgestrekte en landelike bedieningskonteks kan funksioneer.
  - Bereidheid om in Otjiwarongo te vestig, gereeld lang afstande te reis en die vereiste Namibiese werkspermitproses te deurloop.

  **Traktement en voordele:**
  ’n Onderhandelbare kontantdeel en toepaslike voordele volgens die NHKA se beroepingsdokumentasie.

  **Huisvesting:**
  Gratis verblyf in die Otjiwarongo-pastorie, met basiese dienste, internet en selfoondienste.

  **Vervoer:**
  ’n Gemeentevoertuig vir amptelike gebruik en ooreengekome persoonlike gebruik.

  **Ondersteuning:**
  Inskakeling by ’n Namibiese mediese fonds en begeleiding rakende werkspermit-, belasting- en pensioenimplikasies.

**Belangstelling en verdere proses:**
Belangstellendes word versoek om ’n kort motiveringsbrief en volledige CV te stuur aan **ds Leon Janse van Rensburg** by **leonjvr@iway.na**.
Sluitingsdatum: **31 Augustus 2026**
Geskikte kandidate sal genooi word vir ’n omvattende gesprek, waarby die kandidaat se gesin ook betrek kan word, sodat die aard en omstandighede van die bediening deeglik oorweeg kan word.

Die beroepsproses en uiteindelike bevestiging geskied ooreenkomstig die Kerkorde en bepalings van die 74ste Algemene Kerkvergadering van die NHKA, die toepaslike beroepsbrief en die vereistes van Namibiese wetgewing.

## Kerklike en ander publikasies




- In die **Julie 2026-uitgawe** van ***Die Christelike Vrou*** brei **ds Hannelie Botha** verder uit oor die skade van die onlangse vloede in die Wes-Kaap in *Hoop dra letsels.* Die Nasionale NHSV Kongres wat vanaf 26 tot 28 Junie 2026 in Pretoria plaasgevind het, word in ’n fotobeeld van hoogtepunte uiteengesit. **Ds Anel Boshoff** van Gemeente Welkom/Goudveld skyn die kollig op *Geestesgesondheid van mans* en ons bydrae as kerk en gesinne om ’n veilige hawe vir hulle te skep. **Ds Annieka Pottas** van Gemeente Montana deel in haar oordenking, *Teen die pas van kinders*, om in die ritme waarmee God ons geskep het, te leef. **Tessa Oppermann** van Gemeente Rooihuiskraal bied taalwenke aan in deel 8 van haar reeks *Praktiese Afrikaans: Betreklike voornaamwoorde.* Volg die skakel ***hier*** na ons NHSV-publikasies.

## ’n Gedagte

Wees stil en weet: Die Here God regeer.
Kom bring na Hom jou hartseer en jou pyn.
God sal voorsien; in donker tyd van seer
sal sy genade helder oor jou skyn.
Wees stil en weet: Die Here God regeer.
Net Hy genees ons hart se diepste seer.

Wees stil en weet: Die Heer is altyd daar.
In smart en eensaamheid is Hý by jou.
Sy Heil’ge Gees sal jou getrou bewaar
en met sy troos en liefde jou omvou.
Wees stil en weet: Die Heer is altyd daar.
Hy sorg vir jou in hartseer en gevaar.

Wees stil en weet: As storms om jou woed,
is Hy die rots waarop jy kan bou.
Vertrou op Hom; in voor- en teëspoed
kan jy jou lewe aan Hom toevertrou
Wees stil en weet: Die Here is jou krag.
Hy gee jou moed en hoop vir elke dag.

Wees stil en weet: Jou God is in beheer.
Niks sal jou ooit kan ruk uit God se hand.
Geen siekte, swaarkry wat jy mag ontbeer
sal jou kan skei van God se liefdesband.
Wees stil en weet: Jou God is in beheer.
Niks kan sy liefde vir sy kinders keer.

**VONKK 123: 1-4**




## Kom kyk en luister saam

- Ons weeklikse **Blitsflits** word aangebied deur Rolandi Mc Geer. Klik ***hier*** die weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is op sosiale media en YouTube beskikbaar.

- Die *Bybelse Dagboek* se **dagstukkie** is nou ook op 'n Donderdag in **videoformaat** op sosiale media beskikbaar. Kyk gerus ***hier*** saam na die afgelope week se plasing. Onthou ook dat die dagstukkie daagliks op Facebook in teksvorm gedeel word.

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Vertel ons asseblief van geleenthede by jul gemeentes**. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

| | |
|---|---|
| 1 Augustus | **Gemeente Montana-Oos** hou 'n Boere Basaar! Kom kuier saam en neem deel aan boeresport en speletjies met lekker pryse te wen. Allerlei lekkernye sal te koop aangebied word, soos kerrie-en-rys, jaffels, pannekoek. Daar gaan ook heerlike vars groete en vleis wees. Kom geniet heerlike soetgoed saam met warm koffie of tee. U is welkom om ds Frikkie van Wyk by 083 625 6788 te kontak indien u belangstel om 'n stalletjie teen R200 te huur. Kom deel in ons basaarpret met twee boeremusiekorkeste wat ons vanaf 10:00 gaan vermaak. Ons sien daarna uit om u by Plot 223, Derdepoort (net 500m vanaf Poort Laerskool op Kameeldriftweg) te verwelkom. |
| 1 Augustus | **Gemeente Ebenhaeser** hou hul **Wilde Weste Basaar**. Kom kuier by Kala se vleispaleis, Porra se groentestal of toets jou visier by Mielies se teikenskiet. Daar gaan die heerlikste basaarkos wees, soos sosaties, burgers, *wraps*, vetkoeke en nog vele meer. Onthou om 'n draai in die teetuin te maak en heerlike koek te eet. Stalletjies kan by Christine Kruger by 083 362 8504 bespreek word. |
| 1 Augustus vanaf 08:00 tot 14:00 | **Kort jy kleur in jou lewe?** Kom kuier by **Gemeente Wapadrant** se basaar en kleur of skeer jou hare ten bate van **DPS Pleegsorg**. Daarna kan jy lekker smul aan **basaarkos** soos vetkoek, sosaties of potjiekos. En dan is dit tyd vir basaarpoeding! |
| 1 Augustus van 08:00 tot 13:00 | **Gemeente Meyerton-Suid** hou **basaar** op die kerkterrein. Stalletjies is beskikbaar teen R100 per stalletjie. Kom kuier saam met ons. |
| 1 Augustus | **Gemeente Sionspoort se Vleisfees.** Kom geniet 'n dag vol vermaak. Groot **verskeidenheid kunstenaars**, kosstalletjies en markstalletjies sal beskikbaar wees. Toegang: R50 vir volwassenes en hoërskoolleerlinge en R30 vir laerskoolkinders. Die fees vind plaas by Tuinhekkie Boeremark in Randfonftein. |
| 8 Augustus om 07:00 | **Gemeente Hartebeestpoort** bied weer die jaar hulle 5de **Bosveld MTB** aan. Daar is 'n keuse van vyf afstande, naamlik: 4 km & 8 km *kiddies ride*, 36 km, 91 km en 156 km. Dit vind by Brits-vliegveld plaas. Aanlyn inskrywings kan gedoen word. Vir navrae **kontak**: Ds Corlien van der Merwe by 083 654 8154, Marcel by die kerkkantoor 012 252 4315, Mechiel Ras by 072 605 1393, Mias van der Merwe by 083 320 2466. Klik ***hier*** vir meer inligting en inskrywings en ***hier*** vir **inskrywings via Entry Ninja**. |
| 21 Augustus vanaf 17:00 | **Gemeente Pretoria-Oos: Steve onder die sterre.** Kom ondersteun hierdie fondsinsamelingsprojek vir die **diens en herstel van die orrel**. Kostes: R200 per volwassene of R500 per gesin. Die aand gaan die vorm van 'n **mini-basaar** aanneem. **Kaartjies** is beskikbaar by die kerkkantoor by 012 460 8441. Bring asseblief jul eie **kampstoele**. |

| | |
|---|---|
| 22 Augustus vanaf 14:00 | **Gemeente Outjo en Otjiwarongo: Kom speel saam met ons naggholf en geniet ons basaar.** Die naggholf begin 14:00 met nege putjies, gevolg deur aandete en 'n verdere nege putjies. By die basaar is daar onder andere heerlike pannekoek, biltong en stalletjies. Vir meer inligting, **kontak**: Sunet Hayward by 081 224 1717, Tony by 081 213 3720 of Elsebie by 081 229 6490. |
| 28 Augustus 19:00 | **Gemeente Schoemansdal: Magda Louw en haar Erhard** kom kuier met hul vertoning ***How Louw can you go?*** Kaartjies kos R220 per persoon en is beskikbaar by **Lezl by die kantoor** by 012 253 0146. Dit is 'n **fondsinsamelingsprojek ten bate van die NHSV**. |
| 29 Augustus vanaf 07:30 tot 14:30 | **Gemeente Witfontein Delwersfees:** Jy word uitgenooi om Gemeente Witfontein se 23ste Delwersfees te kom ervaar te NHK Witfontein (Stasiestraat 750, Pretoria Noord). Kom delf saam met ons op soek na R43 000 se kontantpryse. Sertifikate @ R25 elk, wat jou in staat stel om te delf, kan aanlyn gekoop word by **www.nhkwitfontein.co.za**. Daar sal ook heerlike basaarkos en sommer baie vermaak wees vir gesellige saamkuier. Kom vroeg vir die Pelgrimsontbyt. Kom geniet al die vars gebak en vars produkte. Daar is 'n massiewe pretpark vir die kinders en die Witfontein Stasiestraat Junction treintjie sal groot vermaak verskaf. Om 11:00 is daar 'n Hannon *Make Over Roadshow* @ R150. Kontak vir ds Jimmy 083 254 4771 of ds Janine 083 260 0983 vir meer inligting. |
| Sluitingsdatum: 30 September | **Gemeente Dullstroom:** Koop 'n **lootjie** teen R100 en staan 'n kans om **een van drie vakansies** te wen. Kaartjies kan by die gemeente gekoop word deur 'n **inbetaling** in die gemeente se bankrekening te doen. Bankbesonderhede: FNB, rekeningnommer: 62049581516. Gebruik asseblief u naam as verwysing. **Bewys van betaling** moet aan Hannetjie by 082 839 5669 gestuur word om u **kaartjienommer** te ontvang. |






## Barmhartigheid

- **NHSV Vrywillige bydraes 2026:** Baie dankie aan elke NHSV-tak en gemeente vir jul volgehoue ondersteuning en ruim bydraes. Deur jul betrokkenheid maak julle ’n tasbare verskil in die lewens van baie mense. Julle skenk nie net finansiële hulp nie, maar bring ook hoop, omgee en bemoediging aan bejaardes, studente en behoeftiges regoor ons land.

  Die vrywillige bydraes wat gedurende die jaar ontvang word, word aangewend vir **drie belangrike fokus-areas**:
  - Bejaardesorg by Ons Tuis en ander versorgingsinstansies,
  - Studielenings aan Hervormde studente, en
  - Barmhartigheidswerk in gemeenskappe waar daar groot nood is.

  Ons moedig elke NHSV-tak aan om, waar moontlik, **een derde van haar inkomste** aan die NHSV-Hoofbestuur **oor te betaal**. Hierdie fondse stel die NHSV in staat om landswyd ondersteuning te bied waar dit die nodigste is. Die oorblywende twee derdes kan na eie goeddunke aangewend word vir plaaslike projekte en behoeftes.

  Neem asseblief kennis dat bydraes aan plaaslike instansies, soos tehuise vir bejaardes, direk deur die betrokke NHSV-tak of gemeente aan daardie instansies oorbetaal moet word.

  **Elektroniese oorbetalings en bankdeposito's is welkom.** Voltooi asseblief die NHSV **betaalstaat** en stuur dit saam met die bewys van betaling aan **finansies@nhsv.org.za**.

  Met opregte waardering vir elke bydrae. Mag ons ook in 2026, deur God se genade, saam ’n verskil maak waar daar nood is en sy liefde sigbaar uitleef.

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.



## Gebed vir die week

Here,
ek loof U met my hele hart.
Dankie vir u liefde, goedheid en getrouheid in my lewe.
Help my om nie u seëninge as vanselfsprekend te aanvaar nie,
maar om elke dag met dankbaarheid te leef.
Open my oë om u hand in my lewe raak te sien
en vul my hart met lof en vreugde tot eer van u Naam.

Amen.

https://versndag.co.za/index.php/vers-n-dag-dagstukkies-79566/7300-nader-aan-god-15-julie-2026

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger